No 14 - 2024] First Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

TUESDAY, 26 NOVEMBER 2024

**HOUSE: 10:00**

**Municipal Economic Review and Outlook – Minister of Finance.**

**ORDER OF THE DAY**

Introduction and First Reading – Western Cape Adjustments Appropriation Bill [B 2–2024] and Medium-Term Budget Policy Statement (MTBPS) (Minister of Finance).

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION** ***(21 November 2024)***

1. Mr B Ngqentsu: That the House notes and congratulates our national team, Bafana Bafana, on their outstanding 3–0 victory over South Sudan in the AFCON qualifiers on 19 November 2024 at the Cape Town Stadium; further acknowledges that this victory is a testament to their determination and patriotism, and appreciates the pride that Bafana Bafana brings to the nation; also notes with concern the failure of the DA-led provincial government and the City of Cape Town to provide support to Bafana Bafana's supporters, exposing the hypocrisy of these administrations; laments that, while the DA government readily provides MyCiti bus services and other necessary assistance for supporters attending rugby games, no such provisions were made for the supporters of Bafana Bafana, the pride of our nation; further laments that, due to the neglect and lack of assistance from the DA-led government, thousands of Capetonians and Western Cape citizens who came out in numbers to support their national team were forced to walk long distances from the bus, taxi and train stations in the city centre to the DHL Stadium, while those who drove their own vehicles were stuck in traffic for hours; acknowledges that this lack of support for the national football team stands in stark contrast to the resources allocated to predominantly white-supported sports; accepts that if the DA-led government truly represented all the people of the Western Cape, it would have coordinated an interface between the City of Cape Town and Western Cape Government to provide free MyCiti bus services for Bafana Bafana supporters; acknowledges that the absence of such a service reflects a disregard for the working class, particularly black working-class supporters of

football and is reminiscent of the apartheid regime's discriminatory policies of separate development and its neglect of the majority; and calls out and condemns the DA-led provincial government and City of Cape Town for their failure to support Bafana Bafana's supporters, and for their continued neglect of black working-class sport.

2. Mr B Ngqentsu: That the House notes and acknowledges the cultural and sporting significance of the Bellville Velodrome for the people of Cape Town and the Western Cape; further notes that the Bellville Velodrome represents a rich legacy of sports in the province, having been part of South Africa's Olympic bid and having served as a key venue for various sporting events, as well as a space that has shaped countless memories and legacies for local communities, and for these reasons rejects the plans of the DA-led City of Cape Town to redevelop the historic Bellville Velodrome; expresses deep concern that the City of Cape Town, instead of restoring and maintaining this important sports facility, has allowed it to fall into disrepair, and now proposes its redevelopment for commercial purposes, potentially turning it into a second CBD for Cape Town, despite the fact that this could displace an irreplaceable community asset; further notes that the redevelopment plans are not an isolated incident as they come at a time when the City has shown a consistent pattern of neglecting sports grounds across the Cape, poorly maintaining such spaces and forcing communities to choose between sports and other essential services, as seen in Guguletu and Kraaifontein where residents have been asked to choose between sports fields and clinics or schools; acknowledges that the DA-led City of Cape Town and the Western Cape Government have shown a lack of commitment to sports as a means of addressing social ills and fostering the development of future athletes, as shown in their continued prioritisation of property developers over the needs of communities and athletes; agrees that sports infrastructure, such as the Bellville Velodrome, is crucial not only for preserving our heritage, but also for its role in promoting active lifestyles and the development of young athletes, and therefore it is vital that this venue be restored to its former glory and fully functional status, rather than being sold off or repurposed for commercial gain; calls for unity across political parties, community organisations and residents to form a broad popular front against the displacement of sports grounds in Cape Town, and to fight against the greedy interests of private developers at the expense of our sporting heritage; and demands that the City of Cape Town prioritises the restoration of the Bellville Velodrome, ensuring that it remains a fully functional and accessible venue for future generations, and that it upholds its duty to provide and maintain sports facilities in line with national policies on sport and recreation.

3. Mr B Ngqentsu: That the House notes with deep sadness the tragic killing of the 14-year-old Grantham van Reenen, a Grade 8 learner at the Ravensmead High School, who was shot and killed on his way to school on Tuesday 19 November 2024; extends heartfelt condolences to the family of the deceased and the entire Elsies River community; wishes a speedy and full recovery to the two other teenagers who were injured in the same attack, which was carried out by heartless gang members; further notes that, not far from the scene of the shooting, a 55-year-old man was also shot and injured, and is currently recovering in hospital; acknowledges that this senseless act of violence highlights the unsafe conditions that learners in gang-ravaged communities face, and highlights the urgent need for the provincial government to intervene to protect these young people, especially those on their way to and from school; calls for the mobilisation of communities, as was done in the past through the Walking Bus Initiative, where parents and community leaders accompanied learners to and from school, providing a shield for them against gang violence;

further calls for the deployment of school resource officers (SROs) at all schools in communities plagued by gang violence in order to ensure the safety of learners, educators and staff; in addition calls on law enforcement authorities to leave no stone unturned in their pursuit of justice for the victims of this shooting and demands that they intensify efforts to apprehend the perpetrators of this crime who remain at large; and further calls for the permanent deployment of visible policing and intelligence services in all gang-infested hotspots in Cape Town to ensure the protection of learners and the broader community from ongoing gang-related violence and to restore safety in these communities.

4. Mr M K Sayed: That the House notes with absolute disgust the corrupt actions of the DA-led Western Cape Government regarding the R1,2 billion IT tender awarded to Blue Network Consortium for the provision of local area network (LAN) to schools; further notes that a forensic investigation presented in Parliament's National Assembly by Cliffe Dekker Hofmeyr Inc has revealed a web of alleged corruption, collusion, maladministration and abuse of power by officials in the provincial government and the State Information Technology Agency (SITA), with this tender being tainted by widespread irregularities and criminal conduct; acknowledges that it is absolutely unacceptable that, despite these serious findings, the Western Cape Education Department (WCED) and its Minister have chosen to turn a blind eye to the corruption uncovered, opting to continue honouring this dubious contract, even in the face of clear evidence of wrongdoing; notes that the DA's national Minister of Communications and Digital Technologies, Solly Malatsi, has grossly abused his power by pleading ignorance, failing to act against the implicated SITA officials and allowing for their reinstatement; notes that this not only undermines the rule of law, but also exposes the DA's complicity in this corrupt scheme; further acknowledges that this behaviour is an affront to the people of the Western Cape, the people of South Africa and to all who believe in transparent and accountable governance; accepts that the DA's failure to act against the implicated officials involved further exposes the party's inherent corruption and its complicity in the looting of public funds; notes that their inaction and attempts to cover up this corruption must be condemned as an endorsement of theft and abuse of power; calls on this House to condemn the actions of the WCED, its Minister and the national Minister of Communications and Digital Technologies who have shown a complete disregard for the people of this province and the institutions of Parliament; and commends the Chairperson of the National Assembly's Communications and Digital Technologies Portfolio Committee, Khusela Diko, and her collective for the steadfast commitment to transparency and accountability on this matter and for providing a shining example of leadership in the face of malfeasance.

5. Ms T Lithakong: That the House notes that next year on 31 May 2025, the five-year term of the current Children's Commissioner will be coming to an end; further notes that, while the current Commissioner did her best to run the office to the best of her abilities, her attempts were structurally constrained and restricted by the allocated budget to run the office; also notes that the office continues to grapple with a meagre staff complement with only two permanent staff members and two contractors, whereas the plan was to have a total of 12 staff members; notes that there is just no way that the office would have been run successfully with a meagre allocated annual base budget of R5 million and for the office to hire 12 people and use the same money to implement the mandate for which that office was established; concludes by stating that, if the DA wants to take the people of Western Cape seriously and wishes to continue with that office, then they must allocate a respectful budget for that office to run efficiently.

*See also:* Mr G Brinkhuis (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms N D Nkondlo (p 8); Mr G P Marais (p 8); Mr D G Jacobs (p 9); Ms B Stoffel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr G Bosman (p 10); Mr N Constable (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms N D Nkondlo (p 10); Ms A P Bans (p 11); Ms B Stoffel (p 11); Mr D J Wessels (p 11); Mr F C Christians (p12); Mr G Marais (p 12); Ms A Bans (p 12); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr N Masipa (p 14); Mr D W Bryant (p 14); Ms W F Kaizer-Philander (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Ms R Windvogel (p 15); Ms N D Nkondlo (p 15); Ms R Windvogel (p 16); Mr G Brinkhuis (p 16); Ms A Cassiem (p 16); Ms T Lithakong (p 16); Ms P Z Lekker (p 16); Ms R Windvogel (p 17); Ms B Stoffel (p 17); Mr F Kamfer (p 18); Mr F C Christians (p 18); Mr D J Wessels (p 18); Mr F C Christians (p 19); Ms B M van Minnen (p 19); Mr T C R Walters (p 19); Mr L D van Wyk (p 19); Ms W F Kaizer-Philander (p 19); Mr D W Bryant (p 20); Mr P Johnson (p 20); Ms T Lithakong (p 20); Mr B Ngqentsu (p 20); Ms R Windvogel (p 21); Ms T Lithakong (p 22); Mr B Ngqentsu (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Ms R Windvogel (p 24); Mr M K Sayed (p 24); Ms N D Nkondlo (p 24); Mr D G Jacobs (p 27); Ms B Stoffel (p 27); Mr F C Christians (p 29); Mr B Ngqentsu (p 29); Ms R Windvogel (p 30); Ms A Bans (p 30); Ms P Z Lekker (p 30); Mr B Ngqentsu (p 30); Ms B Stoffel (p 30); Mr B Petrus (p 30); Ms D Stephens (p 30); Ms A Cassiem (p 30); Ms R Windvogel (p 31); Ms A Bans (p 31); Ms D Stephens (p 32).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DINSDAG, 26 NOVEMBER 2024

**HUIS: 10:00**

**Munisipale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing – Minister van Finansies.**

**DAGORDER**

Indiening en Eerste Lesing – Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 2–2024] en Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBPS) (Minister van Finansies.)

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(21 November 2024)***

1. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis kennis neem van en ons nasionale span, Bafana Bafana, gelukwens met hul uitstekende oorwinning van 3–0 oor Suid-Soedan tydens die AFCON-uitdun wat op 19 November 2024 in die Kaapstad-stadion plaasgevind het; verder erkenning gee dat hierdie oorwinning ŉ bewys is van hul vasberadenheid en patriotisme, en waardering uitspreek vir die trots wat Bafana Bafana by die nasie inboesem; ook met kommer kennis neem van die versuim van die DA-geleide provinsiale regering en die Stad Kaapstad om ondersteuning aan Bafana Bafana se ondersteuners te gee, wat die skynheiligheid van hierdie administrasies blootlê; betreur dat, terwyl die DA-regering geredelik MyCiti-busdienste en ander nodige bystand verskaf aan ondersteuners wat rugbywedstryde bywoon, geen sodanige voorsiening gemaak is vir die ondersteuners van Bafana Bafana, die trots van ons nasie, nie; verder betreur dat, weens die afskeep van en gebrek aan bystand van die DA-geleide regering, duisende Kapenaars en Wes-Kapenaars wat in groot getalle opgedaag het om hul nasionale span te ondersteun, gedwing is om lang afstande van die bus-, taxi- en treinstasies in die middestad af te stap tot by die DHL-stadion, terwyl diegene wat van hul eie voertuie gebruik gemaak het, ure lank in die verkeer vasgesit het; erkenning gee dat hierdie gebrek aan ondersteuning vir die nasionale sokkerspan in skrille kontras staan met die hulpbronne wat aan hoofsaaklik wit-ondersteunde sportsoorte toegeken word; aanvaar dat, indien die DA-geleide regering werklik al die mense van die Wes-Kaap verteenwoordig het, ŉ koppelvlak tussen die Stad

Kaapstad en die Wes-Kaapse Regering gekoördineer sou gewees het om gratis MyCiti-busdienste vir Bafana Bafana-ondersteuners te verskaf; erkenning gee dat die afwesigheid van só ŉ diens ŉ minagting vir die werkersklas, veral swart werkersklas-ondersteuners van sokker, weerspieël en herinner aan die apartheidsregime se diskriminerende beleid van afsonderlike ontwikkeling en sy afskeping van die meerderheid; en die DA-geleide provinsiale regering en die Stad Kaapstad aan die kaak stel en veroordeel vir hul versuim om Bafana Bafana se ondersteuners te ondersteun, en vir hul volgehoue afskeping van swart werkersklassport.

2. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis kennis neem van en erkenning gee aan die kulturele en sportbelang van die Bellville-velodrome vir die mense van Kaapstad en die Wes-Kaap; verder kennis neem dat die Bellville-velodrome ŉ ryke nalatenskap van sport in die provinsie verteenwoordig, omdat dit deel van Suid-Afrika se Olimpiese bod was en as ŉ sleutelplek vir verskeie sportbyeenkomste gedien het, sowel as ŉ ruimte wat vorm gegee het aan ontelbare herinneringe en nalatenskappe vir plaaslike gemeenskappe, en om hierdie redes die planne verwerp van die DA-geleide Stad Kaapstad om die historiese Bellville-velodrome te herontwikkel; diepe kommer uitspreek dat die Stad Kaapstad, in plaas daarvan om hierdie belangrike sportfasiliteit te restoureer en in stand te hou, toegelaat het dat dit verval, en nou die herontwikkeling daarvan vir kommersiële doeleindes voorstel, wat dit moontlik in ŉ tweede SSG vir Kaapstad sal omskep, ten spyte van die feit dat dit ŉ onvervangbare gemeenskapsbate kan verdring; verder kennis neem dat die herontwikkelingsplanne nie ŉ geïsoleerde voorval is nie, aangesien dit op ŉ tydstip kom wanneer die Stad ŉ konsekwente patroon volg van die verwaarlosing van sportgronde regoor die Kaap, met die swak instandhouding van sulke ruimtes wat gemeenskappe dwing om te kies tussen sport en ander noodsaaklike dienste, soos wat in Guguletu en Kraaifontein gebeur het waar inwoners gevra is om te kies tussen sportvelde en klinieke of skole; erkenning gee dat die DA-geleide Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse Regering ŉ gebrek aan verbintenis tot sport as ŉ manier om aandag aan maatskaplike euwels te skenk en die ontwikkeling van toekomstige atlete te bevorder, getoon het soos blyk uit hul volgehoue prioritisering van eiendomsontwikkelaars bo die behoeftes van gemeenskappe en atlete; saamstem dat sportinfrastruktuur, soos die Bellville-velodrome, deurslaggewend is nie net vir die bewaring van ons erfenis nie, maar ook vir die rol daarvan in die bevordering van ŉ aktiewe leefstyl en die ontwikkeling van jong atlete, en daarom is dit noodsaaklik dat hierdie plek tot sy eertydse glorie en tot volle funksionele status herstel moet word, eerder as om verkoop te word of vir kommersiële gewin aangewend te word; ŉ beroep op eenheid doen by politieke partye, gemeenskapsorganisasies en inwoners om ŉ breë algemene drukgroep te vorm teen die verwydering van sportgronde in Kaapstad, en om teen die gierige belange van private ontwikkelaars ten koste van ons sporterfenis te veg; en eis dat die Stad Kaapstad die herstel van die Bellville-velodrome prioritiseer om te verseker dat dit ŉ ten volle funksionele en toeganklike plek vir toekomstige geslagte bly, en dat hy sy plig handhaaf om sportfasiliteite te voorsien en in stand te hou in ooreenstemming met nasionale beleide oor sport en ontspanning.

3. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese moord van die 14-jarige Grantham van Reenen, ŉ graad 8-leerder aan die Hoërskool Ravensmead, wat op Dinsdag 19 November 2024 op pad skool toe doodgeskiet is; innige meegevoel betuig met die familie van die oorledene en die hele Elsiesrivier-gemeenskap; ŉ spoedige en volle herstel toewens aan die twee ander tieners wat in dieselfde aanval, wat deur hartelose bendelede uitgevoer is, beseer is; verder kennis neem dat, nie ver van die toneel van die

skietery nie, ’n 55-jarige man ook geskiet en gewond is, en tans in die hospitaal aansterk; erkenning gee dat hierdie sinnelose geweldsdaad die onveilige toestande uitlig wat leerders in bendegeteisterde gemeenskappe in die gesig staar, en die dringende behoefte beklemtoon vir die provinsiale regering om in te gryp om hierdie jongmense te beskerm, veral diegene wat op pad na en van die skool is; ’n beroep op die mobilisering van gemeenskappe doen, soos in die verlede met die Loopbusinisiatief gebeur het, waar ouers en gemeenskapsleiers leerders na en van die skool vergesel het en ’n skild vir hulle teen bendegeweld gevorm het; verder vra vir die ontplooiing van skoolhulpbronbeamptes (SHB’s) by alle skole in gemeenskappe wat deur bendegeweld geteister word, om die veiligheid van leerders, opvoeders en personeellede te verseker; ook ’n beroep op wetstoepassingsowerhede doen om alles moontlik te doen in hul strewe na geregtigheid vir die slagoffers van hierdie skietery en eis dat hulle hul pogings verskerp om die oortreders van hierdie misdaad wat op vrye voet bly, vas te trek; en verder ’n beroep doen vir die permanente ontplooiing van sigbare polisiëring en intelligensiedienste in alle bendegeteisterde brandpunte in Kaapstad om die beskerming van leerders en die breër gemeenskap teen voortslepende bendeverwante geweld te verseker en om veiligheid in hierdie gemeenskappe te herstel.

4. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met absolute afgryse kennis neem van die korrupte optrede van die DA-geleide Wes-Kaapse Regering ten opsigte van die IT-tender van R1,2 miljard wat aan Blue Network Consortium vir die verskaffing van plaaslikeareanetwerk (LAN) by skole toegeken is; verder kennis neem dat ’n forensiese ondersoek wat deur Cliffe Dekker Hofmeyr Ingelyf in die Parlement se Nasionale Vergadering aangebied is, ’n web van beweerde korrupsie, samespanning, wanadministrasie en magsmisbruik deur amptenare in die provinsiale regering en die Agentskap vir Staatsinligtingstegnologie (SITA) met hierdie tender aan die lig gebring het, met hierdie tender wat deur wydverspreide onreëlmatighede en kriminele gedrag gekenmerk is; erkenning gee dat dit absoluut onaanvaarbaar is dat, ten spyte van hierdie ernstige bevindings, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en sy Minister gekies het om ’n blinde oog te draai vir die korrupsie wat ontbloot is, en verkies om voort te gaan om hierdie twyfelagtige kontrak na te kom, selfs in die lig van duidelike bewyse van oortreding; kennis neem dat die DA se nasionale Minister van Kommunikasie en Digitale Tegnologie, Solly Malatsi, sy mag grof misbruik het deur onkundig te pleit, en versuim het om teen die SITA-amptenare wat betrek is, op te tree en hul heraanstellings toe te laat; kennis neem dat dit nie net die oppergesag van die reg ondermyn nie, maar ook die DA se aandadigheid by hierdie korrupte skema blootlê; verder erkenning gee dat hierdie optrede ’n belediging is vir die mense van die Wes-Kaap, die mense van Suid-Afrika en vir almal wat in deursigtige en verantwoordingspligtige bestuur glo; aanvaar dat die DA se versuim om teen die betrokke amptenare op te tree, die party se inherente korrupsie en sy aandadigheid by die plundering van openbare fondse verder blootlê; kennis neem dat hul gebrek aan optrede en pogings om hierdie korrupsie te verdoesel veroordeel moet word as ’n onderskrywing van diefstal en magsmisbruik; ’n beroep op hierdie Huis doen om die optrede van die WKOD, sy Minister en die nasionale Minister van Kommunikasie en Digitale Tegnologie, wat ’n algehele minagting vir die mense van hierdie provinsie en die instellings van die Parlement getoon het, te veroordeel; en die Voorsitter van die Nasionale Vergadering se Portefeuljekomitee oor Kommunikasie en Digitale Tegnologie, Khusela Diko, en haar kollegas aanprys vir hul onwrikbare verbintenis tot deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid ten opsigte van hierdie aangeleentheid en vir die verskaffing van ’n goeie voorbeeld van leierskap in die lig van wangedrag.

5. Me T Lithakong: Dat die Huis kennis neem dat die termyn van vyf jaar van die huidige Kinderkommissaris volgende jaar op 31 Mei 2025 ten einde loop; verder kennis neem dat, terwyl die huidige Kommissaris haar bes gedoen het om die kantoor na die beste van haar vermoë te bestuur, haar pogings struktureel beperk was en beperk is deur die toegekende begroting om die kantoor te bestuur; ook kennis neem dat die kantoor steeds worstel met ʼn klein personeelkomplement met slegs twee permanente personeellede en twee kontrakteurs, terwyl die plan was om ʼn totaal van 12 personeellede te hê; kennis neem dat daar net geen manier is dat die kantoor suksesvol bestuur sou kon word met ʼn klein toegewese jaarlikse basisbegroting van R5 miljoen nie, en vir die kantoor om daarmee 12 mense aan te stel en dieselfde geld te gebruik om die mandaat waarvoor daardie kantoor gestig is, te implementeer nie; ten slotte verklaar dat, as die DA die situasie van die mense van Wes-Kaap in ʼn ernstige lig beskou en met die werksaamhede van daardie kantoor wil voortgaan, ʼn behoorlike begroting toeken moet word sodat daardie kantoor doeltreffend kan funksioneer.

*Kyk ook:* Mnr G Brinkhuis (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me N D Nkondlo (bl 8); Mnr G P Marais (p 8); Mnr D G Jacobs (bl 9); Me B Stoffel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr G Bosman (bl 10); Mnr N Constable (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me N D Nkondlo (bl 10); Me A P Bans (bl 11); Me B Stoffel (bl 11); Mnr D J Wessels (bl 11); Mnr F C Christians (bl 12); Mnr G P Marais (bl 12); Me A P Bans (bl 12); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Mnr N Masipa (bl 14); Mnr D W Bryant (bl 14); Me W F Kaizer-Philander (bl 14); Mnr B Ngqentsu (bl 15); Me R Windvogel (bl 15); Me N D Nkondlo (bl 15); Me R Windvogel (bl 16); Mnr G Brinkhuis (bl 16); Me A Cassiem (bl 16); Me T Lithakong (bl 16); Me P Z Lekker (bl 16); Me R Windvogel (bl 17); Me B Stoffel (bl 17); Mnr F Kamfer (bl 18); Mnr F C Christians (bl 18); Mnr D J Wessels (bl 18); Mnr F C Christians (bl 19); Me B M van Minnen (bl 19); Mnr T C R Walters (bl 19); Mnr L D van Wyk (bl 19); Me W F Kaizer-Philander (bl 19); Mnr D W Bryant (bl 20); Mnr P Johnson (bl 20); Me T Lithakong (bl 20); Mnr B Ngqentsu (bl 20); Me R Windvogel (bl 21); Me T Lithakong (bl 22); Mnr B Ngqentsu (bl 23); Me R Windvogel (bl 23); Me R Windvogel (bl 25); Mnr M K Sayed (bl 25); Me N D Nkondlo (bl 25); Mnr D G Jacobs (p 27); Me B Stoffel (p 27); Mnr F C Christians (bl 30); Mnr B Ngqentsu (bl 30); Me R Windvogel (bl 30); Me A Bans (bl 31); Me P Z Lekker (bl 31); Mnr B Ngqentsu (bl 31); Me B Stoffel (bl 31); Mnr B Petrus (bl 31); Me D Stephens (bl 31); Me A Cassiem (bl 31); Me R Windvogel (bl 32); Me A P Bans (bl 32); Me D Stephens (bl 33).